

Program

TYD	WOENSDAG 28 OKTOBER 2026
08:00	REGISTRASIE EN KOFFIE
09:00 – 10:00	Ds. Hannes van der Merwe (NHKA Pretoria-Oos) Opening en Bybelstudie
10:00 – 10:30	TEE
10:30 – 10:35	Prof W.A. Dreyer (Voorsitter: Werkgemeenskap Historiese Teologie) Verwelkoming namens WHT Bestuur
10:35 – 10:50	Prof R. Letšosa (Dekaan: Fakulteit Teologie en Religie, UP) Verwelkoming namens Fakulteit
10:50 – 11:00	Prof T. van Wyk (Hoof: Sistematiese en Historiese Teologie, UP) Verwelkoming namens Departement
11:00 – 12:00	Prof Elfriede Dreyer (Buitengewone Professor: Unisa Departement van Kuns en Musiek) Die ver-beelding en ver-woording van geloof in kontemporêre visuele kuns: 'n Post-sekulêre perspektief In hierdie referaat word die ver-beelding en ver-woording van geloof in kontemporêre visuele kuns in die konteks van 'n post-sekulêre era ondersoek.
12:00 – 12:30	Prof Jaco Beyers (Hoof van die Departement Godsdiensstudies, UP) <i>Navorsingsfokus: Intergodsdienstige verhoudings en teologie van godsdiens.</i> Die Kuns van Geloof: Reformasie en Kontra-Reformasie in Kuns 'n Illustrasie van hoe geloofsbelydenisse in kuns uitgebeeld is, met voorbeelde uit die tyd van die Reformasie en Kontra-Reformasie.
12:30 – 13:00	Prof Wim Dreyer (UP / NWU) <i>Prof. W.A. (Wim) Dreyer is tans predikant van die Hervormde Kerk Outeniqua (George), en is as emeritus professor aan die Universiteit van Pretoria en buitengewone navorser aan Noordwes-Universiteit verbonde. Sy navorsing fokus op Historiese Teologie, veral ten opsigte van kerkgeskiedenis, sendinggeskiedenis en kerkwees in die 21ste eeu.</i> “Geloof soos ver-beeld in Benedikt Dreyer se Gnadenstuhl” Handel oor veranderende teologiese denke tydens die 16de-eeuse Kerkhervorming, en hoe dit in kuns manifesteer.
13:00 – 13:45	MIDDAGETE
13:45 – 14:15	Prof Johan van der Merwe (UP) <i>Navorsingsfokus: Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis van die 20ste eeu.</i> Die Voortrekkermonument in Pretoria: Tempel van die Afrikaner? Die referaat fokus op die argitektuur en simboliek van die Voortrekkermonument in die godsdiensgeskiedenis van die Afrikaner.

TYD	WOENSDAG 28 OKTOBER 2026
14:15 – 14:45	Ds Willem Dreyer (NHKA Marico) <i>Ds. Willem A. Dreyer (MDiv, MTh) is predikant van die Hervormde Kerk Groot Marico. Sy navorsing fokus op die teologiese geskiedenis van die Hervormde Kerk.</i> Woord, sakrament en ruimte: A.S. van Selms en J.M.J. Koorts oor gereformeerde kerkbou Hierdie referaat ondersoek Van Selms se idees oor hoe die totale liturgie (Woord en sakrament) die vertrekpunt moet wees vir die ontwerp van 'n kerkgebou, en hoe hierdie siening verder ontwikkel en vergestalt is in die werk van argitek J.M.J. (Hans) Koorts, Van Selms se skoonseun.
14:45 – 15:15	Dr Dieter De Bruin (UP) <i>Dr. Dieter de Bruin het in Johannesburg opgegroei, in Pretoria gestudeer, en is tans deeltydse leraar by NG Gemeente Pretoria Faerie Glen en dosent in Praktiese Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Hy spesialiseer in liturgiese teologie.</i> Brief aan 'n argitek: oor die sakramentele verbeelding van geloof in die NG Kerk Hierdie referaat herverbeel die liturgiese ruimte van die NG Kerk as 'n plek van sakramentele vorming.
15:15 – 15:30	TEE
15:30 – 16:00	Ds Jacques Heymans (UP) <i>WRK jeugadviseur, mede-leraar by Familiekerk NG Kameeldrif en PhD-student in Kerkreg en Kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.</i> Musiek: Geraas of Lens? 'n Teologies-hermeneutiese ondersoek na eietydse musiek (1980's–2020's) as bedieningslens Hierdie referaat ondersoek hoe Suid-Afrikaanse musiek, van die 1980's tot vandag, as ver-woording van 'n volk se kollektiewe belewenis. Dit bied 'n hermeneutiese lens op dit wat 'n gemeenskap in 'n gegewe tydperk dink, vrees en verlang. Alhoewel die fokus hoofsaaklik op Suid-Afrikaanse musiek val, word enkele internasionale voorbeelde uit dieselfde tydperk ter vergelyking ingesluit.
16:00 – 16:30	Dr Isabelle Murray (US) <i>Argivale navorser by die NG Kerk Argief (2016–2021) en sedert 2020 navorsingsgenoot by die Departement van Sistematiese Teologie en Ekklesiologie (Fakulteit Teologie, US), betrokke by publikasies en kreatiewe produksies waardeur die kerkgeskiedenis 'lewendig' gemaak word in beeld, storie, sang en orrekspel.</i> “Laat die kindertjies na My toe kom”: verhinder of trek ons kerkmusiek die kinders na Jesus? In hierdie referaat word voorbeelde van tekste, notasie, lirieke en konteks vanuit 1820–1920s NG Kerk-publikasies en enkele persoonlike dagboeke benut om die aard en rol of waarde (t.o.v. geloofsgroei) van “kindermusiek en -lied” toe te lig.
16:30 – 17:00	Dr Elma de Kock (NWU) <i>Dr Elma de Kock van Potchefstroom is tans besig met navorsing rakende die geskiedenis en vertaling van die kerklied.</i> Die gesonge kerklied: Uitdrukking van geloofswaarhede oor eeue heen 'n Voëlvlug van die geskiedenis van die gesonge kerklied en die verskillende wyses waarop dit bygedra het tot die lidmaat se ervaring van geloofswaarhede.
17:00 – 17:30	Dr Pascal Pienaar (UFS) <i>Dr Pascal Pienaar is a postdoctoral researcher in Church History at the Centre for Interdisciplinary Research in Religion, Community, and Ecologies (CIRRCE), University of the Free State in Bloemfontein, whose research focuses on Southern African missionary history and Christian spirituality during times of trauma.</i> The Dramaturgy of Lutheran Worship in Architecture and Space This paper stages an imagined Lutheran church as a piece of theatre, scene by scene through the order of service, reading architecture itself as theologically expressive, before asking whether that same reading can still be performed — through movement, light and furniture — in inherited South African churches where the building itself can't be altered.
17:30	ONTHAAL

TYD	DONDERDAG 29 OKTOBER 2026
08:00 – 08:30	KOFFIE
08:30 – 09:00	Dr Andrew Kok (Navorsingsgenoot UP) <i>Durbanville, Navorsingsgenoot, UP.</i> Die Woord geskryf, bewaar en gesing: Hugenate en die verbeelding van geloof in Suid-Afrika Die bydrae en nalatenskap van enkele Hugenate-nasate ten opsigte van musiek, letterkunde en beeldende kuns.
09:00 – 09:30	Wim Lindeque (RKK Kaapstad) <i>Willem Lindeque is 'n Katolieke priester van die Aartsbisdom van Kaapstad. Hy is oorspronklik van Pretoria, maar woon en werk vir die afgelope 26 jaar in Kaapstad en omgewing. Hy dien as die parogiepriester vir Stellenbosch en is ook kapelaan vir die Katolieke studente aan die US. Hy het 'n B.Th. aan die Pouslike Universiteit Urbaniana verwerf en werk aan 'n M.Th. oor die digkuns en mistieke teologie van Sheila Cussons ('n langtermynprojek!) deur St. Augustine's College.</i> “...jou kruis geteken oor my...” Katolieke geestelikheid en teologiese konsepte soos ver-beeld en ver-woord in Sheila Cussons se oeuvre Ek ondersoek resonansies in Cussons se werk met Karl Rahner se konsepte van Beliggaamde Gees en die menslike liggaam as “<i>Realsymbol</i>”, asook haar unieke situasie as kunstenaar in 'n taal wat vervreem was van haar geestelike en teologiese realiteit.
09:30 – 10:00	Prof Christo Lombaard (UP) <i>Gebore en getoë Natal, tans verbonde aan die Departement Praktiese Teologie & Missiologie, Universiteit van Pretoria. Sy navorsing fokus op Teologiese Realisme asook Bybelse Spiritualiteit.</i> “Alles vat vlam”, הָבֵל (hebel) en ons menslike bestaan <i>Die absurde, vergelykend en betekenisvol: Ionescu se toneelstuk ‘La cantatrice chauve’ (in Joubert se vertaling ‘Die kaalkop prima donna’) en die Hellenisties-Hebreeuse Bybelboek Prediker</i> Die absurde, wat dikwels as lyding van verskillende soorte verstaan word, word bedink aan die hand van twee heel verskillende tekste wat die absurditeite van lewe-en-dood direk in die gesig staar.
10:00 – 10:30	Dr Christo Pretorius (HTK) <i>Dosent in Historiese Teologie aan die HTK en hoof van die Sentrum vir Reformatoriese Teologie (Argief, SP Engelbrecht-Museum en Biblioteek). Hy was sedert 1993 predikant in verskeie gemeentes van die NHKA.</i> Sien en/of hoor: Hermeneutiese kontoere in die gesprek tussen Bybel en beeld Vanuit teologiegeskiedenis as hermeneutiese onderneming word 'n gesprek gevoer met dr Wian Kloppers en dr D.J.C van Wyk (sr) oor die hermeneutiek van beeld en woord hulle onderskeie vertrekpunte word geplaas binne die breër Reformatoriese spanning tussen Woord en beeld – van Luther se beklemtoning van die Woord tot Barth se konsentrasie op die Woord van God. Hierin word gevra hoe die Kerk in 'n toenemend visuele kultuur die vormende krag van beelde kuns kan benut sonder om kennis en kritiese onderskeiding prys te gee
10:30 – 11:00	TEE
11:00 – 12:00	Prof Hennie Stander (UP) — Gasspreker <i>Prof Hennie Stander was vanaf 1975 tot by sy aftrede in 2018 'n dosent in Grieks in die Departement Antieke en Moderne Tale en Kulture. Hy is tans 'n professor emeritus in dieselfde departement. Hy was ook adjunk-dekaan in die Fakulteit Geesteswetenskappe, en met tye ook waarnemende dekaan. Hennie het in die Oos-Kaap (Eagles Crag) grootgeword, en op Grahamstad gematrikuleer. Sy navorsing fokus op die lewe en teologie van die vroeë Christene, met spesiale fokus op die geskrifte van Chrysostomos.</i> Vroeg-Christelike Kuns: Teologie in Beeld In hierdie lesing kyk ons na die teologiese betekenis van vroeg-Christelike kuns en hoe kunswerke as draer van geloof en identiteit in die eerste eeue van die Christendom gefunksioneer het.

12:00-12:30	Dr Robert J. van Niekerk (UP) <i>Senior dosent in die Fakulteit Teologie en Godsdiens, Departement Nuwe Testament en Verwante Literatuur. Fokus op die invloed van die Bybel, in die besonder apokaliptiese literatuur, op populêre kultuur.</i> Manuskripte, Manga en Comics: Openbaring, Hellboy en Manga Majesty in dialoog 'n Kritiese dialoog word aangebied tussen Openbaring, Manga Majesty en die film Hellboy om vas te stel hoe hierdie onlangse apokaliptika kan bydra tot 'n meer verantwoordelike en verantwoordbare lees van Openbaring.
12:30-13:00	Prof (em.) Natie van Wyk (Navorsingsgenoot UP) <i>Navorsingsfokus: Die bese en die Christelike geloof.</i> Isak word geoffer (Genesis 22:1–19): Die interpretasies van Rembrandt Harmensz van Rijn
13:00 – 13:45	MIDDAGETE
13:45-14:15	Dr Lisel Joubert (US) <i>Dr Lisel Joubert is dosent in Kerkgeskiedenis verbonde aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Stellenbosch. Haar navorsingsfokus is tans die ontvangs van tradisies van spiritualiteit binne die Gereformeerde konteks, asook argivale navorsing oor vroue in die NG Kerk se sendinggeskiedenis.</i> Ikon as teenwoordigheid: Die ver-woording van die verlossing Die referaat ondersoek die teologiese verstaan van die inkarnasie binne die Ortodokse ikontradisie, waar ikone beskou word as die “teenwoordige Teenwoordigheid.” Die vraag is hoe ikone, binne die tradisie, verlossing “ver-woord”.
14:15-14:45	Dr Daan van Wyk (NHKA Van der Hoff) <i>Dr DJC van Wyk is predikant van die Hervormde Kerk Van der Hoff. Sy navorsing fokus op Historiese Jesus-navorsing en die Kerk in die Nuwe-Testamentiese Wetenskap; verskuivende paradigmas; huidige tydsges; WOKE.</i> Die uitbeelding van Jesus in kuns en ander media: verrykende én vervreemdende perspektiewe Die referaat fokus op hoe die uitbeelding van Jesus in die skilderkuns oor die eeue, maar ook veral hedendaagse uitbeeldings van Jesus in films, sosiale media en skyfieaanbiedings in eredienste, enersyds verrykend maar andersyds vervreemdend op die teologie en geloof in Jesus Christus kan inwerk.
14:45-15:15	Dr Diederick Basson (US / Bestuurder NG Kerk Argief) <i>Argiefbestuurder van die NG Kerk in Suid-Afrika en navorsingsgenoot in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch. Hy fokus in sy navorsing op Protestantse kerkmusiekpraktyk in Suid-Afrika.</i> Wanneer die melodie saam preek: Teks–melodie-spanning en die musikale verbeelding van geloofstaal Aan die hand van twee uiteenlopende melodieë vir Lied 308 word gedemonstreer hoe melodiekeuse nie bloot die teks dra nie, maar self betekenis skep en geloofstaal binne 'n bepaalde kulturele en affektiewe raamwerk verbeeld.
15:15	JAARVERGADERING